X

Voorlopige Sekwestrasie

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)**

Saak no. 7437/08

Voor sy Edele Regter Thring

Op Woensdag 14 Mei 2008

In die aangeleentheid tussen:

IRENE FOURIE — Applikant

en

JACOBUS ALBERTUS VAN DYK — Eerste Respondent
(ID. No. 600120 5023 080)

Getroud Binne Gemeenskap van Goed met

DEIDRE VAN DYK — Tweede Respondent
(ID. No. 720209 0035 085)

Woonagtig te Gamay Straat 6, Die Wingerd, Somerset Wes,

Provinsie Wes-Kaap.

2008 -05- 15

**BEVEL**

Na deurlees van die stukke en aanhoor van die Advokaat namens Applikant, gelas die Hof as volg:

1. Dat die boedel van die Respondente onder voorlopige sekwestrasie in die hande van die Meester van die Hooggeregshof geplaas word;

2. Dat 'n bevel *nisi* uitgereik word in terme waarvan die Respondent opgeroep word om op **Woensdag, 11 Junie 2008** om **10H00**, of so gou daarna as wat die saak aangehoor word, redes aan te voer, indien enige, waarom:

   2.1. Die boedel van die Respondent nie onder finale sekwestrasie geplaas moet word nie; en

   2.2. Die koste van hierdie aansoek nie beveel moet word om koste te wees in die sekwestrasie nie;

3. Dat hierdie Bevel:

   3.1 Persoonlik op die Respondente beteken word deur die Balju van hierdie Agbare Hof; en

   3.2 Beteken word op die Suid Afrikaanse Inkomste Diens se kantore te Hans Strydom Rylaan, Kaapstad;

HIGH COURT
2008 -05- 16

3.3 Per vooruitbetaalde gesertifiseerde pos versend word aan alle krediteure van die Respondente met eise van meer as R5 000-00;

4. Verdere en/of Alternatiewe Regshulp

OP LAS VAN DIE HOF

DIE GRIFFIER

2008 -05- 15

Johan Viljoen en Genote
3de Vloer
Nedbank Gebou
St George's Mall 85
Kaapstad